

KRUIPVOER-KRIP
Deur Dr Louis du Pisani
NWKV

As u hierdie krip gebruik, het jy nie meer 'n kruipvoerhok nodig nie. Die lammers vreet daaruit tussen die ooie. Die gate is groot genoeg vir 'n lam om tot op die bodem van die krip te vreet. Groot skaap kan maksimum tot in die helfte van die krip vreet. As u dus kruipvoer in die onderste helfte gooi, kan groot skaap nie die kruipvoer bykom nie. Aanvanklik kan die krip tot bokant die helfte volgemaak word, sodat die ooie kan vreet en die lammers kan leer.

Die krip werk as volg:

i Dit is gemaak van 'n PVC-besproeiingspyp met 'n deursnee van 250mm (sien foto's hieronder). Hierdie pype is gewoonlik 6m lank. Die kruipvoer-krip is 3m lank. 'n Mens kan dus 2 krippe van een pyp maak. Die ente van die pyp is met "end-caps" toegemaak - dit word net oorgedruk sodat dit maklik verwyder kan word om die krip skoon te maak, of dit trek die end van 'n binneband oor die punte en maak met 'n "cable tie" vas.

ii Die gate bo-in die pyp het 'n 152mm deursnee. Dit word met 'n sagie (met 'n boorpunt wat op 'n boor pas) gesny. Hierdie sagie word gewoonlik gebruik word om gate vir die "saddles" op besproeiingspype te sny. 'n Mens kry ook 'n sagie met 'n 145mm deursnee. Gebruik een wat by u volwasse skape/bokke se kopgrootte aanpas.

iii Lammers met horings, se horings kan dalk in die gate vassit. Boere wat die patent gebruik het, het die gedeeltes tussen die gate ook uitgesny. Dit het die probleem opgelos. Die stuk wat tussen die gate uitgesny word, se deursnee moet net die helfte van die deursnee van die gate wees.

iv Die krip het twee voetstukke van plat-yster om te verhoed dat die om-kantel.

v Een krip is genoeg vir 50 lammers.

Voordele:

- i Lammers leer vinnig by die ooie om uit die pyp te vreet.
- ii Dit is goedkoop, want kruiphekke is nie meer nodig nie.
- iii Dit is maklik om te gebruik en die krippe skuif maklik.
- iv Lammers leer nie meer om te kruip nie - draakruipery is dus verby.



VOORBEELD VAN KRUIPVOERMENGSELS

Grondstowwe	Mengsels		
	1	2	3
SS200 (kg)	150	150	200
HPK36 (kg)	100	100	150

Melassemeel (kg)	80	80	80
Mieliemeel (kg)	675	575	550
Fyn lusern (kg)	-	100	-
Totaal (kg)	1005	1005	980

Mengsel 3 is veral goed vir Angoralammers en Skaaplammers waar hoë groei verlang word en waar koksidiöse 'n probleem is.